**6108**
**Paper 2**

**Algemene opmerkings**

Baie dankie aan alle taalonderwysers vir u harde werk en toewyding. Dit is duidelik dat daar deur baie onderwysers eksamenvoorbereiding gedoen word.

Kandidate het oor die algemeen goed gevaar. Enkeles het volpunte verdien en baie het hulle goed van hul taak gekwyt. Dit is egter duidelik dat Afrikaans as ’n Tweede Taal vir baie kandidate ’n groot uitdaging is.

Hieronder, insae in hoe kandidate op spesifieke vrae gereageer het en wat van hulle verwag is:

**Taak 1**

Oor die algemeen goed beantwoord. Sommige kandidate slaag daarin om vol punte te behaal.

Baie kandidate kon nie vol punte verdien nie omdat hulle die maksimum aantal woorde by die antwoorde oorskry het. Kandidate moet hul antwoorde hier in **nie meer as drie woorde** neerskryf.

bv. **3 (b)** Sy slaap graag laat is verkeerd omdat dit vier woorde bevat. Sy slaap laat, is die korrekte antwoord.

**1** **(a)** Meestal korrek beantwoord. Enkele kandidate het 22/11 geskryf wat verkeerd is. Hulle moet **skryf wat hulle hoor**.

**(b)** Meestal korrek beantwoord, alhoewel verskeie variasies van prys en uitdeling geskryf is, bv. preis en pruis waarvoor kandidate punte verdien het. Sou hulle egter die Engelse woorde praise of prize geskryf het, het hulle nie die punt daarvoor gekry nie. Baie kandidate het twee woorde i.p.v een woord geskryf, naamlik prys uitdeling. Dit is as korrek aanvaar. Uitdeling is selde korrek gespel en daar was variasies, o.a. ytdeeling, eitdeeling, uitdeelling. Dis is as korrek aanvaar. Uitdelling is nie as korrek aanvaar nie.

**2** **(a)** Baie kandidate het klippe verkeerd gespel en klipe geskryf. Dit is as korrek aanvaar. Enkele kandidate het sterk i.p.v. skerp klippe geantwoord, wat nie aanvaar is nie.

**(b)** ’n foto van Mandela is vier woorde en daarom nie as korrek aanvaar nie. Mandala is ook nie as korrek aanvaar nie.

**3** **(a)** Die antwoord wat die meeste variasies gehad het was aartappelsop. Baie kandidate het dit verkeerd geskryf. Van die variasies wat as korrek aanvaar is, is artappelsop, artapelsop, aardappelsop, artapel sop, ens. Geen punte is toegeken vir artapple sop, aartappel soop en artappel soap / soup nie.

**(b)** Sy slaap laat was die korrekte antwoord. Slap laat en slaap lat is ook as korrek aanvaar.

**4** **(a)** **Europa** was die korrekte antwoord. Baie kandidate het verkeerd gespel, maar steeds die punt verdien vir Eropa en Eeropa, maar geen punte is vir Europe toegeken nie.

**(b)** Jaarliks wat die korrekte antwoord. Jarliks, jaarlik en jaarlike is aanvaar, maar nie yaarliks, jarlikes en jaarlikes nie.

**Taak 2**

Hierdie deel is oor die algemeen goed beantwoord. Enkele kandidate het ook maksimum punte hier verdien.

**(a)** Nie baie kandidate het die punt hier verdien nie. Ghana is meestal verkeerd geskryf, bv, Gana en Ganna. Ook Ivoorkus is meestal verkeerd geskryf. Ievoorkus, Ivoorkis en Ievoorkis is as korrek aanvaar. Sommige kandidate het ook Ivory Coast geskryf, wat nie as korrek aanvaar is nie. Baie kandidate het E-voorkis en ander soortgelyke variasies geskryf wat nie korrek is nie.

**(b)** 69% is meestal korrek beantwoord. Daar was egter baie kandidate wat 96% geskryf net, waarvoor hulle nie die punt verdien het nie. Baie kandidate het ook die %-teken weggelaat en dan het hulle nie die punt verdien nie.

**(c)** Die korrekte antwoord was suiker. Variasies soos syker, seiker en sykker is as korrek aanvaar. Sugar is nie aanvaar nie.

**(d)** Die korrekte antwoord was ryk. Kandidate wat reik en ruik geskryf het, het nie punte daarvoor gekry nie omdat dit ander erkende Afrikaanse woorde is.

**(e)** Meestal korrek beantwoord. Variasies soos 10 meeter en metir is as korrek aanvaar. Kandidate het nie die punt vir teen en metre verdien nie omdat dit Engels is.

**(f)** Meestal korrek beantwoord. Die enigste ander antwoord wat ’n punt verdien het, was fet.

Sommige kandidate het fat en vat geskryf waarvoor hulle nie ’n punt verdien het nie.

**(g)** Verskeie variasies van gesondheid is as korrek aanvaar, behalwe gesonheid, gesondtyd en gesondhuid. Variasies was as korrek aanvaar is, is o.a. gesondhyt en gesontheit.

**(h)** Dit was interessant om te vind dat baie kandidate hierdie vraag korrek beantwoord het. Enkeles het verkeerdelik donger i.p.v. donker geskryf. Tjokolade en sjokolate is nie as korrek aanvaar nie.

**Taak 3**

Hierdie taak is oor die algemeen gemiddeld tot goed beantwoord. Weinig kandidate het egter vol punte hier verdien.

**Taak 4**

Hierdie taak is oor die algemeen goed beantwoord. Sommige kandidate het met ’n kruisie (x) in plaas van met ’n regmerkie (✓) gemerk.

**Taak 5**

Taak 5 se vrae was meestal uitdagend vir die kandidate. Vrae is baie swak beantwoord en dit wil voorkom asof leesvaardigheid hier by baie kandidate ontbreek het.

Kandidate moet geleer word dat wanneer daar twee reëls vir ’n antwoord is en twee feite verwag word, hulle op albei reëls moet skryf en nie die hele antwoord op die boonste reël moet neerskryf nie, bv. (a) in plaas daarvan om te skryf staalman is geel en van staal,

Staalman is geel.

Hy is van staal.

**(a)** Meestal korrek beantwoord. Kandidate gebruik die verkeerde voorsetsel bv. deur, in en met staal gemaak in plaas van van staal gemaak. Stahl en stall is nie as korrek aanvaar nie. Sommige kandidate kon nie geel skryf nie en daar was variasies soos gel en geël.

**(b)** Meestal korrek beantwoord. Ook hier was spelling ’n probleem. Kandidate het fabrike, vabreike, fabriks, vabrieke en ander variasies in plaas van fabrieke geskryf. Besighede se verskeie variasies het o.a. besighuide, beesigheedte en besigheide ingesluit.

**(c)** Meestal verkeerd. Korrekte antwoord: Hy word geprogrammeer. Sy take word by sy rekenaar ingetik. Kandidate het verkeerdelik geskryf Hy word geprogram.

Kandidate het ook antwoorde geskryf wat wel sinvol is, maar wat hulle nie gehoor het nie, bv. instruksies word ingetik.

**(d)** Meestal korrek beantwoord.

**(e)** Meestal verkeerd beantwoord. Die antwoord was: Hy is opgewonde. Variasies soos opgewone en opgewoonde is nie aanvaar nie. Kandidate moet geleer word om nie sinonieme te skryf nie, maar om dit wat hulle hoor, neer te skryf. bv. Hy is bly, is nie korrek nie.

**(f)** Meestal verkeerd beantwoord. Slegs enkele kandidate slaag daarin om die korrekte antwoord te skryf: Wanneer die afstandbeheerknoppie gedruk word. Baie kandidate skryf verkeerdelik afstaan beheer knopie.

**(g)** Meestal korrek beantwoord. Die skryf van getalle in Afrikaans blyk vir baie kandidate ’n probleem te wees. Aandag is hier nodig. Ook het baie kandidate die N$ weggelaat.

**(h)** Meestal verkeerd beantwoord. Slegs enkele kandidate kon die korrekte antwoord, tentoonstelling, skryf.

**Voorstelle en wenke aan onderwysers**

- Spelling bly 'n groot probleem wat deurlopend aandag moet kry.
- Dis belangrik dat kandidate moet skryf wat hulle hoor en nie antwoorde met sinonieme vervang of dit wat hulle hoor, interpreteer nie, bv. Hy is opgewonde in plaas van hy is bly.
- Dril dit met gereelde oefening by u leerders in dat daar by Taal 1 slegs drie woorde per antwoord op die reël geskryf moet word.
- Kandidate moet die hele sin lees sodat ontbrekende woorde wat hulle invul, die antwoord / sin betekenisvol maak. Vestig hulle aandag daarop dat hoogstens twee woorde, nie beteken dat elke spasie / antwoord twee woorde moet hê nie.
- Raadpleeg gerus ook die verslag van 2020 vir waardevolle wenke.
- 'n Voorspoedige 2022. Mag u 'n heerlike jaar met u leerders in die Afrikaanse klas hê.